Suidwes-Kaap

# ‘n Naweek in Beeld:




## 11-13 April 2014

Wel soos gewoonlik was Vrydag aand kort en kragtig, Sawanante het na werk in getrek by onrus en kamp opgeslaan. Daar was ’n paar Sawanante, soos dit die gewoonte is, wat al 9 uur die oggend al in getrek het by Onrus, ons het niks minder verwag nie. Daar was heerlike boerewors rolle te koop. Neels en Neill (Brenda se Neill) het gesorg vir die braai werk, en Johan en Rozette Viljoen het gesorg vir die sous. Wag kom ek stel dit eerder so. LEGENDARIESE LIP LEKKER SMUL SOUS! Sawa was nie die enigste groep by Onrus nie, daar was ook ’n groep van die “Motor Home Association” wat kom kuier het.



Verna Jordaan (Chef) was die Bestuurslid verantwoordelik vir die kamp.
Deon en Elouise (die beter kant van Deon) was ons kampleiers vir die naweek.



Boekevat is Vrydagaand waargeneem deur Tannie Joan. Ons sê baie dankie aan almal wat die verkope ondersteun het. Ook wil ons van die geleentheid gebruik maak om baie dankie te sê aan al die bydraes ontvang. Dit maak dit vir ons moontlik om verkope teen kosprys of selfs minder te verkoop,

'n Lui lekker rus kamp het ons ingewag. Saterdagoggend was oudergewoonte inbetaling.



Danny en Teresa le Roux meld aan by die inbetaling. En ja, wat is inbetaling dan nou sonder die lootjie verkope nie. Danny het nog probeer loer watter lootjies Teresa koop, te laat Danny......



Die inbetaling is deur Neels, Deon en Melicia behartig. Ja dis Hennie Delport wat die lyn ophou.

Die skole het weer begin, nie seker of Liza-Marie vir Hanre 'n kopmaseer gee of soek vir vlooie nie





Dit blyk of Piet Steyn sy skoen in die proses verloor het. As iemand die skoen opgetel het, hou dit maar, Piet se dis OK



Brenda en Niel was dorp toe vir 'n paar aankope. Nadeloos om te noem ... die span Bollie Bakkers was weer besig die naweek. Ek verneem dat Oom James en Tannie Irene se wa ook opgepak was en dat Petrus en Janine Theron op rys was Saterdag aand.

  

Saterdag laat oggend het 'n paar dapper Sawanante die yskoue, verfrissende see water aangedurf.



Net so ter info. Hoe maak kry jy 'n geraas in jou yskas stil ?? Maak soos Andre en Louise (besoekers wat reeds hulle aansoek vorms voltooi het) jy pak dit as met 'n klip!

  

Die Sawa Jongspan weet hoe om boom te klim en fiets te ry!




Saterdag aand se boekevat is waargeen deur Eloise Theron. Eloise het by die geleentheid aan almal die geleentheid gegee om uit haar Brail Bybel te lees. Sy het ook kaartjies met die Alphabet uitgegee.








Saterdag aand is daar al vroeg aand vure aangesteek. Kort voor lank het die reuk van braaivleis vuur , pot en potbrood die lug gevul. Dit is voorwaar 'n voorreg om dit te kan geniet. Die stemme wat opklink, die lag, en die samesyn.



Sondag oggend se diens is waargeem deur Past Robert Johnson van AGS. Sy boodskap oor "God is" het diep in ons harte gespreek.



Ons eie musiekfabriek—baie verborge talante onder die groep Sawanante …. Maar wag eersdaags stel ons hulle almal bekend.



Ons kampleiers, Deon (se beterkant) en Eloise Theron wat op baie kort kennisgewing ingestaan het.

  



Hierdie getroue SAWA  lede het toekennings ontvang. (Verdra my asb, maar ek het die besonderhede ten opsigte van elke toekenning verlê



Ons heet ons nuwe lede ’n welkom toe. Gereelde en getrou besoekers wat nou amptelik lede is. Baie welkom julle.



Hannes Heyns se wa is ‘onwettig’ op die pad. Hy het vergeet om sy lisensie te hernu. Hiervoor het hy ’n swart plaatjie ontvang. Piet Steyn het sy plaatjie oorhanding.





En so het ’n heerlike, warm, rustige naweek op Onrus tot ’n einde geloop. Ons volgende Kamp is te Guano Caves en Niel Goslette wat verantoordelik is vir die kamp het ons ’n voorsmaak gegee wat ons te wagte kan wees.

Tot ’n volgende keer dan maak ons weer so@